

ASWOENSDAG - JAARKRING C

Eerste Skriflesing: Joël 2:12-18

Beurtpsalm: Psalm 51: 3-6. 12-14. 17

Tweede Skriflesing: 2 Korintiërs 5:20-6:2

Evangelie: Matteus 6:1-6. 16-18

Vandag, soos ons met die Vastyd begin, verander ons doelbewus die rigting van ons lewe. Sedert Ou Testamentiese tye was as 'n teken van berou en boetvaardigheid. Met die askruise op ons voorhoof begin ons hierdie spesiale Kerkseisoen. Jaarliks help hierdie tyd ons om ons lewenskoers te heroorweeg.

As gelowiges weet ons dat ons keuses, hoe klein of hoe groot ook al, ons in 'n sekere rigting stuur. Daar bestaan eintlik net twee lewenspaaië: Een wat letterlik 'n doodloopstraat is en die ander wat na die Lewe lei. Maak nie saak hoe ons verlede lyk nie, ons kan vandag koers inslaan na die Ewige lewe. Slegs as God die fokus van ons bestaan is, kan ons die regte keuses maak.

Nou is die tyd om God te soek, na Hom te luister, en sy Woord te oorpeins.

"Gedenk, o mens, dat jy stof is en tot stof sal jy terugkeer", herinner ons daaraan dat ons sterflik is.

Tog weet ons ook dat *"die liefde sterker is as die dood"* en dit is juis ons liefde vir God en ons naaste wat die weg na die Ewige Lewe vir ons oopmaak. Mag God u 'n seënryke Vastyd skenk.

ASWOENSDAG